



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE

2015

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 'n antwoordeboek van 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy ALLE vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Rekonsiliasies	Finansiële rekeningkunde Bankversoening Versoen 'n Krediteuregrootboekrekening met 'n Rekeningstaat Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Produksiekostestaat Ontleed en vertolk gelykbreekpunt Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 3: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Bestuur van bates	Bestuur van hulpbronne Bateverkoperekening Voorraadwaardasie: EIEU en geweegde gemiddeld Interne beheer en interne oudit

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe, Inkomstestaat, Notas tot Balansstaat	Finansiële rekeningkunde AARP-beginsels Opstel van Inkomstestaat Gewone aandelekapitaal en Behoue-inkomste-notas

VRAAG 5: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantvloeiostaat, Vertolking en Ouditeursverslag	Finansiële rekeningkunde Kontantvloeiostaat Ontleed en vertolk finansiële inligting Onafhanklike ouditeursverslag Bestuur van hulpbronne Interne beheer Etiek en professionele liggame

VRAAG 6: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantbegrotings	Bestuursrekeningkunde Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 1: REKONSILIASIES**(40 punte; 20 minute)****1.1 BANKVERSOENING**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Protea Skryfbehoeftes vir Mei 2015. Die alleeneienaar is Peter Pan.

GEVRA:

- 1.1.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale geboekstaaf moet word deur die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is, te voltooi. Totale word nie gevra nie. (15)
- 1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2015 op. (10)
- 1.1.3 As interne ouditeur is jy nie gelukkig oor die wyse waarop kontant in hierdie besigheid beheer word nie. Identifiseer TWEE probleme en verskaf syfers om jou antwoord te staaf. Gee raad oor hoe hierdie probleme in die toekoms voorkom kan word. (6)

INLIGTING:**A.** Inligting uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2015:

Gunstige saldo volgens Bankstaat		27 300
Uitstaande deposito's:	Gedateer 12 April 2015	16 000
	Gedateer 28 April 2015	21 500
Uitstaande tjeks:	Nr. 1010 (gedateer 10 November 2014)	2 000
	Nr. 1366 (gedateer 29 April 2015)	7 200
	Nr. 1590 (gedateer 18 Mei 2015)	12 600
Gunstige saldo volgens Bankrekening in die Grootboek		43 000

B. 'n Vergelyking van die Bankstaat van Mei 2015 met die Kontantjoernale van Mei 2015 het die volgende getoon:

- Bankkoste van R840 op die Bankstaat is nie in die Joernale aangeteken nie.
- 'n Geweerde tjek van R6 800 verskyn op die Bankstaat. Hierdie tjek is van A Apple, 'n debiteur, ontvang ter vereffening van sy rekening van R7 250.
- Rente van R860 wat op die Bankstaat gekrediteer is, is nie in die Joernale aangeteken nie.
- Tjeknr. 1654, uitgereik aan 'n krediteur, Hatfield Winkels, verskyn korrek op die Bankstaat as R7 940. Dit is as R9 740 in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.
- 'n Debietorder van R880 vir die maandelikse versekering verskyn twee keer op die Bankstaat, maar geen inskrywing is in die Joernale gemaak nie. Die bank sal dit op volgende maand se Bankstaat regstel.

- C.** Items wat in die Bankversoeningstaat van April verskyn het:
- Slegs tjeknr. 1366 en die deposito van R21 500 verskyn op die Bankstaat vir Mei 2015.
 - Tjeknr. 1010 is aan die Unie Tennisklub uitgereik ter betaling van die eienaar se ledegeld. Die klub bestaan nie meer nie.
 - Die uitstaande deposito van R16 000 is ten opsigte van kontant ontvang as kommissie. Dit het nie op die Bankstaat verskyn nie. Die kassiere in beheer van deposito's het gesê dat sy op pad bank toe beroof is. Die eienaar het die afskryf van hierdie bedrag gemagtig aangesien die besigheid nie die gelde sal kan verhaal nie.
- D.** Die Mei 2015 Kontantontvangstejoernaal toon die volgende uitstaande deposito's:
- R15 500 op 14 Mei 2015
 - R20 200 op 29 Mei 2015
- E.** Tjeks uit die Mei 2015 Kontantbetalingsjoernaal wat nie vir betaling aangebied is nie:
- Nr. 1660 vir R5 600 (gedateer 27 Mei 2015)
 - Nr. 1698 vir R7 555 (gedateer 23 Julie 2015)
- F.** Die Bankstaat op 31 Mei 2015 toon 'n gunstige saldo van R9 175.

1.2 KREDITEUREVERSOENING

Comet Handelaars ontvang 'n rekeningstaat van 'n krediteur, Meteor Verskaffers. Die saldo op die rekeningstaat stem nie ooreen met dit wat op die rekening van Meteor Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Comet Handelaars verskyn nie.

GEVRA:

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te toon hoe die verskille hanteer moet word om die saldo van die Krediteuregrootboekrekening met die saldo van die rekeningstaat te versoen.

Skryf die bedrae in die toepaslike kolomme en dui die toename of afname met 'n (+) of (-) aan met elke bedrag.

Tel die kolomme op om die korrekte saldo's aan die einde van Maart 2015 aan te toon.

(9)

INLIGTING:

Saldo van Meteor Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Comet Handelaars	R10 705
Saldo op die rekeningstaat wat van Meteor Verskaffers ontvang is	R19 120

'n Vergelyking tussen die Krediteuregrootboekrekening van Meteor Verskaffers en die rekeningstaat toon die volgende verskille:

- A. 'n Faktuur vir R9 870 ontvang van Meteor Verskaffers is korrek in die Krediteuregrootboekrekening geboekstaaf. Die bedrag is foutiewelik as R8 790 op die rekeningstaat aangeteken.
- B. Comet Handelaars het 'n korting van R375 opgeteken ten opsigte van 'n betaling van R5 000 wat op 15 Maart 2015 betaal is. Meteor Verskaffers het nie hierdie korting goedgekeur nie aangesien die betaling laat ontvang is.
- C. Die rekeningstaat toon terugsendings ter waarde van R890. Die Krediteuregrootboekrekening toon R690. Daar is vasgestel dat Comet Handelaars die waarde van die goedere wat teruggestuur is, verkeerd bereken het.
- D. 'n Faktuur vir R2 160 ontvang van Meteor Verskaffers is foutiewelik as 'n debietnota in die Krediteuregrootboek geboekstaaf.
- E. 'n Direkte oordrag van R5 000 deur Comet Handelaars is in die Kontantbetalingsjoernaal op 29 Maart 2015 geboekstaaf. Die rekeningstaat van Meteor Verskaffers is 25 Maart 2015 gedateer.

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(40 punte; 25 minute)****2.1 KASI VERVAARDIGERS**

Kasi Vervaardigers is 'n klein vervaardigingsonderneming wat een T-hempstyl vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 30 April 2015.

GEVRA:

2.1.1 Voltooi die volgende:

- Fabrieksbokoste-nota (Verwys na Inligting D.) (10)
- Produksiekostestaat (14)

2.1.2 Die rekenmeester is van mening dat daar nie behoorlike toesig oor die werkers is nie.

- Identifiseer TWEE afsonderlike probleme met betrekking tot die toesig van werkers. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.
- Verskaf 'n moontlike oplossing in ELKE geval. (8)

INLIGTING:**A. Saldo's aan die einde van die finansiële jaar**

	30 APRIL 2015	30 APRIL 2014
Goedere-in-bewerking	?	R18 680

B. Grondstofvoorraad

Materiaal (tekstielstof) word van die stookkamer na die fabriek uitgereik deur die geweeëgemiddelde-metode te gebruik.

	HOEVEELHEID (METER)	TOTALE KOSTE
Materiaal voorhande (1 Mei 2014)	12 000 m	R96 000
Materiaalaankope	48 000 m	R603 000
Materiaal aan fabriek uitgereik	?	?
Materiaal voorhande (30 April 2015)	15 000 m	?

C. Direkte arbeid

Die onderneming het ses fabriekwerkers in diens wat die produkte vervaardig.

Die volgende word van elke werker verwag:

- Om 8 uur normale tyd per dag vir 5 dae 'n week te werk
- Om 48 weke 'n jaar te werk
- Om twee T-hemde per uur te vervaardig

Alle werkers het die getal ure, soos hieronder aangedui, gewerk.

	URE	TARIEF	GETAL WERKERS	TOTAAL
Gewone tyd	1 400	R39	6	R327 600
Oortyd	960	R78	6	?
	2 360			?

D. Fabrieksbokoste

Die boekhouer het die volgende foutiewe Fabrieksbokoste-nota opgestel:

Indirekte materiaalkoste	R11 040
Indirekte arbeidskoste	33 345
Waardevermindering: Fabriektoerusting	12 945
Waardevermindering: Afleweringsvoertuie	35 000
Water en elektrisiteit	34 200
Diverse uitgawes	8 400
	134 930

- Hy het nagelaat om 30% van die water-en-elektrisiteitbedrag na die Administrasiekosterekening oor te dra.
- Diverse uitgawes: Die boekhouer het hierdie bedrag gelykop tussen die fabrieks-, verkope- en administrasie-afdelings verdeel, maar hy moes eintlik die verhouding 4 : 1 : 1 gebruik het.

E. Addisionele inligting

- Die onderneming het 23 100 T-hemde gedurende die finansiële jaar vervaardig.
- Die produksiekoste van elke T-hemp was R54.

2.2 ZIPHO HOUTWERKVERVAARDIGERS

Zipho Houtwerkvervaardigers vervaardig en verkoop houttafels. Die onderneming behoort aan Nozipho Sithole.

GEVRA:

2.2.1 Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal tafels wat in hierdie finansiële jaar vervaardig en verkoop is? Verduidelik. Haal relevante syfers in jou antwoord aan. (3)

2.2.2 Nozipho, die eienaar van die onderneming, se doelwit was om 'n wins van R200 000 vir hierdie finansiële jaar te maak.

Hoeveel tafels moet sy maak om die mikpunt van R200 000 wins te bereik? Verskaf 'n toepaslike berekening om jou antwoord te staaf. (5)

INLIGTING:

	TOTAAL	PER EENHEID
Verkope	R922 500	R150
Veranderlike koste	R430 500	R70
Vaste koste	R446 400	
Getal eenhede vervaardig en verkoop	6 150	
Gelykbreekpunt van eenhede	5 580	

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 3: BESTUUR VAN BATES**(50 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Jabulani Hipermark vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015.

3.1 VOORRADE

Jabulani Hipermark verkoop 'n sjampoe met 'n spesifieke handelsmerk aan die publiek. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel en die EIEU-metode om hul sjampoevoorraad te waardeer.

GEVRA:

- 3.1.1 Waarvoor staan *EIEU*? (1)
- 3.1.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2015 volgens die EIEU-metode. (7)
- 3.1.3 Die verskaffers het die eienaar ingelig dat die kosprys van sjampoe tot R96 per eenheid sal styg en die vraggeld tot R8 per eenheid sal styg. Bereken die verkoopprijs wat die eienaar vir hierdie goedere sal moet hef om 'n winsopslag van 60% te bereik. (3)
- 3.1.4 Die versekeringsmaatskappy is bereid om slegs 80% van die totale waarde van die goedere wat deur 'n brand vernietig is, uit te betaal. Bereken die verlies wat in die Inkomstestaat getoon moet word. (4)
- 3.1.5 Die eienaar het die eisvorm vir die verlies van voorraad as gevolg van die brand by die versekeringsmaatskappy ingedien. Die getal eenhede wat deur die brand vernietig is, is egter as 1 500 aangetoon. Verduidelik wat jy aan die eienaar oor hierdie versekeringseis sal sê. (2)

INLIGTING:

Die volgende besonderhede is geneem uit die rekeningkundige rekords van Jabulani Hipermark vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015:

Voorraad voorhande volgens fisiese opname	Getal items	Totale waarde
Op 1 Maart 2014	2 100	R147 000
Op 28 Februarie 2015	2 700	?

Goedere aangekoop en vernietig			
Let wel:			
(i) Behalwe vir die eenheidspryse hieronder aangetoon, betaal die onderneming ook R5,00 per eenheid om die goedere by die winkel te laat aflewer.			
(ii) 1 050 items is deur 'n brand verwoes. Dit was alles van die Januarie 2015-aankope.			
	Getal items	Kosprys per item (vraggeld uitgesluit)	Totale aankoopprys
Aankope	9 600		R774 500
April 2014	3 500	R75	R262 500
September 2014	3 700	R80	R296 000
Januarie 2015	2 400	R90	R216 000
Verkope			
7 600 eenhede is teen R120 elk verkoop.			

3.2 **VASTE BATES**

Die volgende inligting het betrekking op die vaste/tasbare bates van Jabulani Hipermark vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015.

GEVRA:

- 3.2.1 Verwys na Inligting **A**, **B** en **C**. Bereken die bedrae wat deur (i)–(iii) aangedui word. Toon die bewerkings in die spasie wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word. (7)
- 3.2.2 Verwys na Inligting **D**. Stel die Bateverkoperekening op vir die rekenaar wat op 30 November 2014 verkoop is. (13)
- 3.2.3 Verwys na Inligting **E**. Jy is die interne ouditeur van Jabulani Hipermark. Die eienaar het jou gevra om ondersoek in te stel na die beheer van trollies en mandjies wat in die onderneming gebruik word.
- (a) Verduidelik hoe die Vastebateregister jou sal help met jou pligte as interne ouditeur. Verskaf EEN punt. (2)
- (b) Die voorraad trollies en mandjies word as 'n vaste bate geklassifiseer. Gee EEN toepaslike rede hiervoor. (2)
- (c) Die eienaar het verskeie klagtes oor die trollies en mandjies van sy klante ontvang. Op 'n besige dag het die onderneming dikwels tot 420 klante gelyktydig in die winkel.
- Identifiseer en verduidelik DRIE groot probleme (met syfers) met betrekking tot die beheer van die trollies en mandjies. Verskaf in ELKE geval 'n geldige, praktiese oplossing om die beheer oor hierdie bates te verbeter. (9)

INLIGTING:

A. Inligting uit die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015:

VASTE/TASBARE BATES	GROND EN GEBOU	VOERTUIG	TOERUSTING
Drawaarde op 1 Maart 2014	2 500 000	264 600	(i)
Kosprys	2 500 000	552 000	900 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(287 400)	(224 000)
Beweging			
Toevoegings	(ii)	0	470 000
Verkope teen drawaarde	0	0	
Waardevermindering	0	(iii)	
Drawaarde op 28 Februarie 2015	3 200 000		
Kosprys	3 200 000		
Opgehoopte waardevermindering	0		

- B.** Die onderneming het twee voertuie. Die volgende inligting verskyn in die Vastebateregister:

	Voertuig 1	Voertuig 2
Kosprys	240 000	312 000
Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2014	(225 000)	(62 400)
Drawaarde op 1 Maart 2014	15 000	249 600

LET WEL: Voertuig 1 is oud en nader die einde van sy gebruikslewe.

- C.** Die onderneming maak soos volg voorsiening vir waardevermindering op sy vaste bates:
- Op voertuie teen 25% p.j. op kosprys
 - Op toerusting teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode. Toerusting bestaan uit inkopiemandjies, trollies, rekenaars, yskaste en ander algemene winkeltoerusting.
- D.** 'n Rekenaar is op 30 November 2014 vir kontant aan Mash Crusaders verkoop. 'n Verlies van R250 is gely omdat die rekenaar effens beskadig was. Volgens die Vastebateregister is die rekenaar oorspronklik vir R9 200 aangekoop. Opgehoopte waardevermindering op hierdie item was R6 400 op 1 Maart 2014.
- E.** Die volgende inligting verwys na die trollies en mandjies van die onderneming:

	TROLLIES	MANDJIES
Getal eenhede voorhande op 1 Maart 2014	148	120
Addisionele eenhede aangekoop gedurende die finansiële jaar teen R2 000 elk vir die trollies en R250 elk vir die mandjies	112	35
Getal beskadigde eenhede gedurende die finansiële jaar afgeskryf	14	60
Getal eenhede voorhande volgens fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2015	210	95
Herstelwerk- en instandhoudingskoste vir eenhede gedurende die finansiële jaar	R1 800	R16 000

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 4: BEGRIPPE, INKOMSTESTAAT, NOTAS TOT BALANSSTAAT
(65 punte; 40 minute)

4.1 BEGRIPPE – AARP-BEGINSELS

GEVRA:

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A (BEGRIP)	KOLOM B (VERDUIDELIKING)
4.1.1 Historiese koste	A Syfers wat in finansiële state gebruik word, behoort realisties (konserwatief) te wees.
4.1.2 Paring	B Alle belangrike items behoort afsonderlik in finansiële state getoon te word.
4.1.3 Lopende saak	C Inkomste en uitgawes moet in die korrekte finansiële jaar geboekstaaf word.
4.1.4 Wesenlikheid	D Finansiële state word opgestel met die verstandhouding dat die onderneming in die toekoms sal voortbestaan.
	E Alle bates word teen hulle oorspronklike kosprys geboekstaaf.

(4 x 1) (4)

4.2 PRINCE BEPERK

Jy word van inligting voorsien vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2015.

GEVRA:

- 4.2.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015. (42)
- 4.2.2 Stel die Gewone-aandelekapitaal-nota op. (8)
- 4.2.3 Stel die Behoue-inkomste-nota op. (11)

INLIGTING:**UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2015**

Balansstaatrekening-afdeling	Dt	Kt
Gewone aandelekapitaal		6 800 000
Behoue inkomste (1 Maart 2014)		1 368 000
Lening: Y-Lend Bank		1 609 000
Handelsvoorraad	1 910 000	
Bank	626 200	
Kleinkas	6 605	
Debiteurekontrole	792 000	
Krediteurekontrole		974 600
SAID (Inkomstebelasting)	523 600	
Voorsiening vir oninbare skulde		43 600
Vaste deposito: Money Bank (8%)	990 000	
Nominalerekening-afdeling		
Verkope		?
Koste van verkope	14 974 000	
Huurinkomste		374 950
Rente op vaste deposito		53 260
Oninbare skulde verhaal		4 150
Ouditeursfooie	147 600	
Advertensies	960 000	
Salarisse en lone	1 300 000	
Direkteursfooie	1 130 000	
Verpakkingsmateriaal	76 200	
Diverse uitgawes	?	
Oninbare skulde	24 000	
Gewone aandeledividende	?	

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

- A.** Verkooppryse word bepaal deur 'n winsopslag van 40% op kosprys te gebruik. Handelskortings van R53 600 is egter aan spesiale klante gedurende die finansiële jaar toegestaan.
- B.** Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2015 toon die volgende voorraad voorhande:
- Handelsvoorraad R1 890 000
 - Verpakkingsmateriaal R8 500
- C.** 'n Bedrag van R20 500 is steeds aan 'n direkteur verskuldig vir sy fooi.
- D.** Totale waardevermindering vir die jaar is R299 200.
- E.** 'n Debiteur, B Khozo, met 'n uitstaande saldo van R42 000, het die land verlaat. Sy rekening moet as oninbaar afgeskryf word.
- F.** Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van die uitstaande debiteure aangepas word.

- G.** Een van die werknemers was op siekteverlof en is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2015 weggelaat. Sy salarisbesonderhede is soos volg:

Bruto salaris	Aftrekkings	Netto salaris	Werkgewersbydrae
?	R5 000	R12 000	R3 000

Alle werknemersbydraes word in die Salarisse-en-lone-rekening gedebiteer.

- H.** Maak voorsiening vir die uitstaande rente op vaste deposito. Die vaste deposito het nie gedurende die finansiële jaar verander nie. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- I.** Die huurinkomste sluit huur ontvang vir Maart 2015 in. Die huurinkomste het op 1 September 2014 met R1 425 toegeneem.
- J.** Die leningstaat ontvang van Y-Lend Bank op 28 Februarie 2015 dui die volgende aan:

	R
Saldo aan begin van finansiële jaar	2 509 000
Terugbetalings gedurende finansiële jaar	900 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo aan einde van finansiële jaar	1 984 000

- K.** Inkomstebelasting vir die finansiële jaar is bereken as R540 000. Dit is 30% van die netto wins voor belasting.
- L.** Die syfer vir diverse uitgawes is die balanseersyfer in die Inkomstestaat.
- M.** Aandele en dividende:
- Die gemagtigde gewone aandelekapitaal bestaan uit 1 000 000 gewone aandele waarvan 70% voor 1 Maart 2014 uitgereik is.
 - Tussentydse dividende van 80 sent per aandeel is op 1 September 2014 verklaar en betaal.
 - Gedurende Oktober 2014 is 'n verdere 100 000 aandele teen R12 elk uitgereik. Dit is behoorlik geboekstaaf.
 - Op 28 Februarie 2015 is 'n finale dividend van 65 sent per aandeel verklaar.
 - Op 28 Februarie 2015 is daar besluit om 160 000 aandele van 'n ontevrede aandeelhouer terug te koop teen R9,10 per aandeel. Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT, VERTOLKING EN OUDITEURSVERSLAG
(65 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting geneem uit die rekords van Maxie Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015. Wanneer finansiële aanwysers vereis word om antwoorde te staaf, moet jy die naam van die finansiële aanwyser en die werklike syfer, verhouding of presentasie verskaf.

GEVRA:

- 5.1 Voltooi die nota vir Kontant Gegenerer uit Bedrywighede vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015. (10)
- 5.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015.
Enkele syfers verskyn in die ANTWOORDEBOEK.
Toon ALLE bewerkings waar notas nie gevra word nie. (21)
- 5.3 Bereken die volgende vir 2015 (rond berekening af tot EEN desimale punt):
- 5.3.1 Bedryfsverhouding (3)
- 5.3.2 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)
- 5.3.3 Netto batewaarde per aandeel (3)
- 5.4 Op 1 Maart 2014 is addisionele aandele teen R5,00 elk uitgereik. Sal die bestaande aandeelhouers met hierdie prys tevrede wees? Verduidelik. Haal relevante finansiële aanwysers met syfers in jou verduideliking aan. (5)
- 5.5 Die direkteure het besluit om 'n groot deel van die lening terug te betaal. Dink jy dit was 'n wyse besluit? Haal TWEE relevante finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf. (7)
- 5.6 Behalwe vir die terugbetaling van die lening het die direkteure ander groot besluite geneem wat die kontantsaldo's beïnvloed het. Noem TWEE ander groot besluite (van meer as R200 000) en haal die syfers uit die Kontantvloeistaat aan. Dui in ELKE geval aan hoe die besluit die toekoms van die maatskappy sal beïnvloed. (6)
- 5.7 Verwys na die uittreksel van die ouditeursverslag (Inligting **G**).
- 5.7.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf die woord neer en verduidelik jou keuse kortliks.

Maxie Bpk. het 'n (ongekwalifiseerde/gekwalifiseerde/weerhouding van mening-) ouditeursverslag ontvang. (3)
- 5.7.2 Verduidelik die gevolge van hierdie ouditeursverslag vir die hoof uitvoerende beampte (HUB) en/of die maatskappy. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015**

	R
Waardevermindering	178 000
Renteuitgawe	52 000
Inkomstebelasting	93 520
Netto wins na inkomstebelasting	240 480

B. Syfers verkry uit die Balansstaat en notas op 28 Februarie

	2015 R	2014 R
Vaste bates (drawaarde)	2 568 730	2 174 390
Finansiële bates (vaste deposito)	150 000	230 000
Bedryfsbates	413 600	496 810
Voorrade	194 600	262 000
Handelsdebiteure	214 000	198 000
SAID: Inkomstebelasting	-	2 110
Kontant en kontantekwivalente	5 000	34 700
Aandeehouersbelang	2 392 480	1 848 000
Gewone aandelekapitaal	2 016 000	1 520 000
Behoue inkomste	376 480	328 000
Niebedryfslaste	500 000	800 000
Bedryfslaste	239 850	253 200
Handelskrediteure	124 800	165 200
Aandeehouers vir dividende	96 000	88 000
SAID: Inkomstebelasting	6 300	-
Oortrokke bank	12 750	-

C. Aandelekapitaal

- Die onderneming het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 800 000 gewone aandele.
- 400 000 aandele is voor 28 Februarie 2014 uitgereik.
- Op 1 Maart 2014 is 'n addisionele 200 000 aandele teen R5,00 elk uitgereik.
- Op 1 September 2014 het die maatskappy 120 000 aandele by 'n ontevrede aandeelhouer teen R4,50 elk teruggekoop.
- Na die transaksies hierbo was daar 480 000 uitgereikte aandele.

D. Vaste bates

Aanbouings by die bestaande geboue het gedurende Julie 2014 plaasgevind. Daar was geen ander bewegings van vaste bates gedurende die finansiële jaar nie.

E. Dividende

'n Tussentydse dividend van R60 000 is op 30 September 2014 betaal. Die finale dividend is op 28 Februarie 2015 verklaar.

F. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee finansiële jare bereken:

	2015	2014
Solvabiliteitsverhouding	4,5 : 1	2,8 : 1
Bedryfskapitaalverhouding	?	1,9 : 1
Vuurproefverhouding	1 : 1	0,9 : 1
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,4 : 1
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	10,2%	13,2%
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	11,3%	11,8%
Netto batewaarde per aandeel	?	462 sent
Markprys van aandele (op die effektebeurs)	512 sent	490 sent
Huidige rentekoers op lenings	12%	13%

G. Uittreksel uit die verslag van die onafhanklike ouditeurs

Basis vir Mening

Volgens die maatskappybeleid oor reis vir besigheidsdoeleindes moet alle besigheidsreisreëlings buite die landsgrense (internasionale reise) deur die direksie goedgekeur word. Die aansoek moet ondersteun word met kwotasies en besonderhede van die organisasies wat tydens die reis besoek sal word.

Die HUB het gedurende die jaar drie oorsese besigheidsreise goedgekeur sonder dat dit na die direksie verwys is. Dokumentasie vir hierdie reise kon nie verskaf word nie.

Ouditmening

Na ons mening, behalwe vir die item hierbo beskryf, verteenwoordig die jaarlikse finansiële state redelik, in alle wesenlike aspekte, die finansiële posisie van Maxie Bpk. soos op 28 Februarie 2015, en hul finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar dan geëindig in ooreenstemming met IFVS ('IFRS') en die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) van Suid-Afrika.

Snow en White

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Pretoria
28 Mei 2015

VRAAG 6: KONTANTBEGROTINGS**(40 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van 'n onvolledige Kontantbegroting van Kyalami Handelaars vir die tydperk 1 Julie 2015 tot 31 Augustus 2015. Charles Pieterse is die eienaar van die onderneming.

GEVRA:

- 6.1 Bereken die kredietverkope vir Julie 2015 en voltooi daarna die Debiteureinvorderingskedule vir Augustus 2015. (6)
- 6.2 Bereken die ontbrekende syfers wat deur (i)–(v) op die Kontantbegroting aangedui word. (12)
- 6.3 Verwys na Inligting **D** en **G**. Die werkers is ongelukkig oor die verhogings wat hulle in Augustus 2015 sal ontvang. Hulle het ook aangedui dat hulle in Oktober 2015 aan 'n staking sal deelneem indien die eienaar, Charles, nie aan hulle bekommernisse aandag gee nie.
- 6.3.1 Gee EEN rede (met syfers) hoekom die werkers ongelukkig is. (2)
- 6.3.2 Gee EEN rede (met syfers) wat Charles kan gebruik om die verhogings wat hy die werkers gaan gee, te regverdig. (2)
- 6.4 Op 31 Julie 2015 het jy die begrote bedrae met die werklike bedrae vergelyk en die volgende gevind:

	JULIE 2015	
	BEGROTE	WERKLIKE
Verkope	R108 000	R84 000
Koste van verkope	72 000	60 000
Bruto wins	36 000	24 000
Afleweringkoste	10 800	12 600
Advertensiekoste	18 000	23 000

- 6.4.1 Charles het besluit om in Julie 2015 handelskortings aan spesiale klante aan te bied.
- Na jou mening, het dit die besigheid bevoordeel? Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (2)
- 6.4.2 Verduidelik wat jy aan Charles sal sê oor die beheer oor:
- Afleweringkoste
 - Advertensiekoste
- Haal syfers aan om jou antwoord te staaf en verskaf EEN punt van advies in ELKE geval. (6)

6.5 Verwys na inligting **F** en **G**.
Charles wil graag advies oor die nuwe voertuig by jou hê.

6.5.1 Bereken die aankoopprys van die nuwe voertuig. (4)

6.5.2 Behalwe vir die deposito en die maandelikse paalement van R6 250, verduidelik hoe die volgende Kontantbegroting geraak gaan word. Verskaf DRIE punte. (6)

INLIGTING:

A. Verkope, koste van verkope en debiteure-invordering

(i) Werklike en begrote verkope en koste van verkope:

	VERKOPE		KOSTE VAN VERKOPE	
	R		R	
	BEGROTE	WERKLIKE	BEGROTE	WERKLIKE
Mei	105 000	78 000	70 000	52 000
Junie	123 000	89 100	82 000	60 000
Julie	108 000		72 000	
Augustus	84 000		?	

(ii) 60% van die totale verkope is vir kontant.

(iii) Kredietverkope word soos volg ingevorder:

- 20% ingevorder in die maand van verkope
- 70% ingevorder in die eerste maand wat op die verkope volg
- 8% ingevorder in die tweede maand wat op die verkope volg
- Die saldo word in die derde maand wat op die maand van verkope volg, afgeskryf.

B. Afleweringskoste

- Alle goedere wat verkoop word, word gratis aan klante afgelewer.
- Die afleweringskoste word teen 10% van verkope begroot.

C. Voorraadvlakke en betalings aan krediteure

- Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- Die onderneming handhaaf 'n vaste voorraadbasis deur voorraad maandeliks te vervang.
- 75% van die totale aankope is op krediet.
- Krediteure word in die maand na die maand van aankope betaal om uit 'n korting van 5% voordeel te trek.

D. Salarisse

- Die werkers sal 'n verhoging van 3% in Augustus 2015 ontvang.
- Die boekhouer sal ook in Augustus 2015 'n verhoging ontvang.

E. Versekering

- Die versekeringspremie word aan die einde van elke maand betaal.
- Die maandelikse premie sal op 1 Augustus 2015 met 10% toeneem.

F. Besonderhede rakende die afleweringkoste en nuwe voertuig

Charles dink dat hy eerder 'n nuwe afleweringvoertuig in September 2015 moet aankoop om sy kontantvloei te verbeter en nie verder die dienste van PQ Aflewersaars moet gebruik nie.

Charles sal 'n deposito van 10% deur die onderneming moet betaal. Sy pa het ingestem om rentevrye finansiering vir die oorblywende koste te verskaf. Charles sal sy pa R6 250 per maand oor 36 maande moet terugbetaal.

G. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig 31 Augustus 2015

Ontvangste	JULIE	AUGUSTUS
Kontantverkope van handelsware	64 800	50 400
Invordering van debiteure	46 440	
Huurinkomste	7 500	8 250
Addisionele kapitaal om bygedra te word		100 000
Kommissie-inkomste		
Totale ontvangste		
Betalings		
Kontantaankope van handelsvoorraad	18 000	(i)
Betalings aan krediteure	(ii)	51 300
Salaris: Boekhouer	18 000	19 800
Salaris: Vyf werkers	32 000	(iii)
Telefoon	3 500	3 750
Advertensies	18 000	12 000
Versekering	(iv)	2 904
Afleweringkoste (betaalbaar aan PQ Aflewersaars)	10 800	8 400
Ander bedryfsuitgawes		
Onttrekkings	25 000	25 000
Totale betalings		
Kontantsurplus/-tekort	(22 600)	
Banksaldo aan begin van maand	(10 200)	(v)
Banksaldo aan einde van maand		(120 000)